

EREDIENSTE TYDENS DIE REGERING-INGESTELDE GRENDELTYD EN DIE KORONAVIRUS-PANDEMIE

A.G. Kok
(Des. 2020)

Dit is met groot hartseer dat ek kennis geneem het van verskeie Kerkrade in die GKSA-verband se besluit om onvoorwaardelik gehoor te gee aan die Nasionale Koronavirus Bevelsraad (NKBR) se bevel dat eredienste opgehef word, soos wat die geval ook was in Maart/April 2020.

In die lig van hierdie ingrypende aankondiging wil ek graag die volgende sake aanraak as wegspringplek vir gelowiges wat hieroor moet besluit in **biddende afhanklikheid** van ons Hemelse Vader:

1. Die Eerste Gebod

“Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.”¹

Ons bely dat ons moet: *“die enigste ware God reg leer ken, Hom alleen **vertrou**, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag”²*. Verder bely ons ook dat dit afgodery is om *“naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel.”³*

Ons kan die seën van die HERE verwag as ons kinderlik-gelowig op sy hulp en bystand vertrou en nie steun op ons eie of ander se menslike slimmighede en krag nie⁴. God laat immers alles ten goede meewerk vir sy gelowige kinders⁵. In belangrike besluite soos wat hier ter sprake is, moet ons onself dus voortdurend ondersoek en afvra of ons besluite en optrede gesetel is in ’n **brandende liefde** vir God en vir sy Woord⁶ alleen, en nie op vrese en goeddunke van mense nie⁷.

Indringende vrae:

Is die onvoorwaardelike instemming met die bevel van die NKBR, dalk gesetel in ’n vertroude daarin dat hierdie arbitrêre bevele m.b.t. die openbare erediens (wat die regering volgens eie goeddunke in die Staatskoerant^{8,9,10} aangedui het) berus op wetenskaplike gronde en dat die regering daarmee ons beste belange op die hart dra?

Indien daar geen duidelike wetenskaplike data is om die betrokke arbitrêre bevele (ter opskorting van die openbare erediens) te ondersteun nie (soos hieronder aangedui sal word) en ons leef dus in ’n groot mate van **onsekerheid**, is dit nie beter om ons vertroude op die HERE te stel nie?

2. Die Vierde Gebod

“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.”¹¹

¹ Exo. 20:3

² Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 94.

³ Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 95.

⁴ Jer. 17: 5-8, Ps. 2:12, Ps. 22:5-6, Ps. 25:2, Ps. 34:9, Ps. 91:1-6, Ps. 115:9-13, Ps. 146:3-4.

⁵ Job 19:25-27, Ps. 16:5, Esra 8:22-23, Rom. 8:28,38-39, Rom. 14:8.

⁶ Ps. 17:4-5, Ps.69:10, Ps. 73:25-26, Ps. 112:1, Ps. 119:28,31,39,58,70,80,92,105,107,114,133,143,147,169,173 Joh.2:17

⁷ Ps. 73:27, Ps.118:8-9, Ps. 146:3, Jes. 2:22

⁸ Suid-Afrikaanse Nasionale Staatskoerant No. 43107, 18 Maart 2020, Vol. 657 (<https://bit.ly/3qiiqwD>)

⁹ Suid-Afrikaanse Nasionale Staatskoerant No. 43365, 28 Mei 2020, Vol. 659 (<https://bit.ly/33EuQqv>)

¹⁰ Regulation Gazette No. 44051, 29 Desember 2020, Vol. 666 (<https://bit.ly/3nEzTOg>)

¹¹ Exo. 20:8

Ons bely oor hierdie gebod: *“God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag **ywerig** met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep, en die Christelike liefdegawes te gee.”*¹².

Die instandhouding van die openbare erediens is dus ’n Godgegewe opdrag. Ons moet hierdie byeenkomste **ywerig** opsoek¹³.

Indringende vrae:

Getuig dit van **ywer** vir die onderlinge byeenkoms (openbare erediens) op die rusdag as die NKBR se arbitrêre bevele rondom die opskorting van die openbare erediens onvoorwaardelik en sonder teëspraak deur die plaaslike kerk geïmplementeer word?

Spreek dit ook van hierdie **ywer** as verder in ag geneem word dat die betrokke bevele nie berus op enige duidelike wetenskaplike data m.b.t. veiligheid tydens die huidige koronavirus-pandemie nie (soos hieronder aangedui sal word)?

Hoeveel van ons sal met gemak tydens die huidige pandemie na ons aarde welstand omsien deur bv. noodsaaklike kos, mediese voorraad, ens. aan te skaf by openbare plekke?

*“Is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon, terwyl hierdie huis in puin lê? Julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas. Waarom? spreek die Here van die leërskaar. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop.”*¹⁴

Waarom voel ons nie ook so bedreig wanneer ons in hierdie openbare ruimtes beweeg nie? Is die eer van die HERE en die geestelike voedsel wat ons saam met medegelowiges in die erediens ontvang (veral tydens ’n pandemie) nie net so belangrik (indien nie belangriker) as die liggaamlike behoeftes nie?¹⁵

*“Die lewe is meer as die voedsel en die liggaam as die kler.”*¹⁶

3. Die Vyfde Gebod

*“Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.”*¹⁷

Ons bely oor hierdie gebod: *“Ek moet ... almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my **met die verskuldigde gehoorsaamheid** onderwerp.”*¹⁸

Ons moet gehoorsaam wees aan die regering van die land aangesien God hulle oor ons aangestel het (selfs al is dit ’n oënskynlik goddelose regering).^{19,20,21} Daar is egter **perke aan die gehoorsaamheid**: Dit is ’n **verskuldigde gehoorsaamheid** in soverre die regering nie die mag oorskry wat God daaraan gee nie²² en in soverre dit

¹² Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 103.

¹³ Ps. 22:26, Ps. 40:10-11, Ps. 68:27, Hand. 2:42, Heb. 10:23-25

¹⁴ Haggai 1:4,9

¹⁵ Jes. 55:1, Open. 22:17

¹⁶ Luk. 12:23

¹⁷ Exo. 20:12

¹⁸ Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 104.

¹⁹ Spr. 8:15, Jes. 3:4, Jes. 10:5-6, Jer.27:5-8,17, Dan. 2:21,37, Dan. 4:17, Dan. 5:18-19, Hos. 13:11, Rom. 13:1-2, 1 Pet. 2:13-14,17

²⁰ Calvyn, Johannes. *Institusie van die Christelike Godsdienst*, Boek 4, Hoofstuk 20, par. 26,27

²¹ NGB Artikel 36

²² Calvyn, Johannes. *Institusie van die Christelike Godsdienst*, Boek 4, Hoofstuk 20, par. 29

met die Woord van God ooreenstem.^{23,24,25}

Calvyn skryf hieroor in sy kommentaar op Hand. 17:7: “As die godsdiens ons dwing om ons soms teen bevel van tiranne te verset wat ons verbied om **verskuldigde eerbetoon aan Christus en diens aan God** te verrig, mag ons ook met reg getuig dat die mag van konings in so ’n geval nie deur ons geskend word nie. Hulle is immers nie so hoog verhewe dat hulle soos reuse God van sy troon mag probeer afwerp nie. Daniël se verontskuldiging was daarom waar (Dan. 6:23) dat geen onreg teen die koning gepleeg word wanneer iemand so ’n goddelose bevel nie gehoorsaam nie; en hy het geen sterflike mens veronreg omdat hy God bo hom gestel het nie. So moet ons ter goeder trou belastings betaal en bereid wees om hulle in enige burgerlike opdrag te gehoorsaam. Maar as hulle nie met hulle stand tevrede is nie en ons van die vrees en diens van God wil ontnem, het niemand rede om te sê dat hulle deur ons geminag word omdat ons God se regering en sy majesteit hoër as hulle s’n ag nie.”²⁶

Christus is hoof van sy Kerk.²⁷ Christus regeer sy Kerk hier op aarde deur die amp van die opsieners (ouderlinge).^{28,29} Hierdie amp van kerkregering mag enersyds nie bloot geabdikeer word aan ’n menslike landsregering nie, en andersyds mag die landsregering ook nie indring in die regeringsamp van die ouderlinge nie.

Indringende vrae:

Tot watter mate abdikeer Kerkrade hulle plig van kerkregering deur hulle eenvoudig te verlaat op die landsregering se **ongegronde** en totale verbod op die openbare erediens?

4. Die Sesde Gebod

“Jy mag nie doodslaan nie.”³⁰

Ons bely oor hierdie gebod: “Ek mag ... myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie.³¹ (God) gebied dat ons ons naaste moet liefhê soos onself. Ons moet ... alles wat hom kan benadeel, **sover moontlik** probeer voorkom³²”

Ons moet in alles wat ons besluit en doen poog om ons eie en ook ons naaste se lewe te beskerm.³³ Let egter op dat dit impliseer dat ek moet seker wees dat die besluit wat ek neem of die aksie wat ek uitvoer wel tot voordeel of beskerming van myself of my naaste sal wees.

Om tydens die huidige koronavirus-pandemie te bepaal watter aksies ons kan neem wat potensiële voordeel of beskerming vir ons naaste bied, moet ons ons verlaat op die huidige beste getuienis wat gevind kan word in die jongste wetenskaplike literatuur. In hierdie verband verwys ek u na die bevindinge van ’n meta-analise en

²³ Dan. 6:22-23, Hos. 5:11 (gelees saam met 1 Kon. 12:28-30), Hand. 4:19, Hand. 5:29

²⁴ Calvyn, Johannes. *Institusie van die Christelike Godsdiens*, Boek 4, Hoofstuk 20, par. 32

²⁵ NGB Artikel 36.

²⁶ Calvyn, Johannes. *Institusie van die Christelike Godsdiens*, Boek 4, Hoofstuk 20, par. 32, voetnota 161

²⁷ Efe. 1:22, Efe. 5:23, Kol. 1:18

²⁸ Hand. 15:6, Hand. 20:28, 1 Tim. 3:1-7, Tit. 1:5-9, 1 Pet. 5:1-3

²⁹ NGB Artikel 30

³⁰ Exo. 20:13

³¹ Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 105.

³² Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 107.

³³ Deut. 6:16, Matt. 4:7, Luk. 4:12

konsolidasie van verskeie studies wat onlangs in *The Lancet* gepubliseer is³⁴ wat aandui:

- a. Dat daar getuienis van matige sekerheid is dat fisiese afstandhouding van minstens 1 meter duidelike assosiasie toon met beskerming. Fisiese afstandhouding van 2 meter of meer kan wel veiliger wees, maar die verskil is nie statisties betekenisvol nie.
- b. Die gebruik van N95 maskers en 12-16 laag chirurgiese maskers in die **gesondheidsorg-omgewing** beskermend kan wees, maar die getuienis hiervan is van lae sekerheid. Verder is daar geen duidelike getuienis van effektiewe beskerming deur hierdie of ander tipe maskers (soos die lap-maskers wat tans in omloop is) **buite die gesondheidsorg-omgewing** nie.³⁵
- c. Oogbeskerming kan moontlik infeksie-oordrag voorkom, maar die getuienis hiervan is van lae sekerheid.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat, behalwe vir fisiese afstandhouding, die huidige wetenskaplike literatuur nie aan ons klinkklare antwoorde verskaf oor die effektiwiteit van verdere maatreëls om onself en ons naaste te beskerm nie. Meer nog, daar is geen wetenskaplike basis vir die totale ophef van openbare eredienste nie. In Kerkrade behoort self (in die lig van bogenoemde veiligheidsmaatreëls en in ag genome die grootte van die kerkgebou, mate van ventilasie, ens.) te besluit tot watter mate hulle eredienste veilig en verantwoordelik sal kan hou.

Indringende vrae:

Het Kerkrade se besluite om die openbare eredienste onvoorwaardelik op te hef werklik ten doel om onself en ons naaste te beskerm en verwag ons dat dit wel hierdie beskermende resultaat sal oplewer? Indien dit wel die mening van 'n betrokke Kerkraad is, wat is die **gronde** hiervoor? (Aangesien dit duidelik nie gegrond kan wees in die huidige wetenskaplike literatuur soos hierbo aangedui nie).

5. Die Negende Gebod

“Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.”³⁶

Ons bely oor hierdie gebod: *“Ek mag ... niemand se woorde verdraai .. nie. Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy. ... In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely.”³⁷*

Uit die bostaande skrywe is dit duidelik dat die landsregering die burgers van die land mislei deur drakoniese regulasies uit te vaardig, waarvan sommige ons verskuldigde diens aan God inperk. Dit is verder ook duidelik dat baie van hierdie regulasies geen gronde in huidige wetenskaplike literatuur het nie. Dienooreenkomstig verontagsaam die regering nie net hulle Godgegewe taak nie, maar verontagsaam hulle ook die Negende Gebod. Laat ons waak daarteen om nie ook in ons besluitneming die regering se voorbeeld na te volg nie, maar laat ons werklik nugtere besluite neem wat daarvan getuig dat ons die waarheid lief het.³⁸

“Dit is die dinge wat julle moet doen: Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en 'n regspraak van vrede in julle poorte!”³⁹

³⁴ Chu, D., Akl, E., Duda, S. et al, 2020. *Physical distancing, face masks, and eye protection to prevent person-to-person transmission of SARS-CoV-2 and COVID-19: a systematic review and meta-analysis*. *The Lancet*, 395(10242), pp.1973-1987. (<https://bit.ly/2XFclZy>)

³⁵ College of Public Health Medicine Evidence-based COVID-19 Task Team, Cochrane South Africa and South African Medical Research Council Health Systems Research Unit. *Brief report of rapid review: Should cloth masks be used by the general public for preventing transmission of SARS-CoV-2?* 31 Maart 2020. (<https://bit.ly/2PCjif3>)

³⁶ Exo. 20:16

³⁷ Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 112.

³⁸ Matt. 5:37, Joh. 4:24, Joh. 8:32, 1 Kor. 13:4-6, Efe. 6:14, 1 Joh. 3:18

³⁹ Sag. 8:16